

# Faktore wat kan bydra tot die ontwikkeling van 'n kultuurtoepaslike milieu vir Sesotho/Setswana-bejaarde persone in residensiële-sorg-eenhede

Sanet du Toit, T. van der Merwe, W. Böning, R. van der Merwe, M. de Villiers, A. Higgo, A. Kruger, N. Olivier en G. Viljoen

Sanet du Toit en T. van der Merwe: Departement Arbeidsterapie, Universiteit van die Vrystaat  
W. Böning en R. van der Merwe, Gemeenskapsdienssterapeute, Departement Gesondheid  
M. de Villiers, A. Higgo, A. Kruger, N. Olivier en G. Viljoen: Departement Arbeidsterapie, Universiteit van die Vrystaat

## Opsomming

Die kliëntgesentreerde benadering word binne arbeidsterapie aangewend om die lewensgehalte van die individu te optimaliseer. Dit behels onder andere deelname aan en betrokkenheid in aktiwiteite wat 'n unieke betekenis vir die persoon inhou en in samewerking met hom/haar gekies en aangebied word. Konsepte binne die wetenskap van aktiwiteitsdeelname<sup>1</sup> wat dien as grondslag van terapeutiese en etiese praktykvoering, is steeds grootliks op Westerse lewens- en wêreldbeskouinge geskoei. Plaaslik asook internasionaal is literatuur aangaande kultuurtoepaslike aktiwiteit uiters beperk. Aangesien arbeidsterapeute wat tans by verskeie instansies in die Vrystaat praktiseer, oorwegend wit en vroulik is, maar hoofsaaklik 'n bevolking bedien wat van Sesotho/Setswana oorsprong is, bied die lewering van eiesoortige kliëntgesentreerde dienste 'n uitdaging. 'n Deel van hierdie Sesotho/Setswana-bevolking is bejaarde persone wat as gevolg van modernisasie en verstedeliking genoodsaak word om in die tradisioneel Westerse omgewing van 'n residensiële-sorg-eenheid 'n tuiste te skep. Tydens hierdie studie is daar van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp gebruik gemaak. Nominalegroeptegniek-onderhoude (NGT-onderhoude) met twee groepe professionele persone wat voorheen, of gedurende die studie, met Sesotho/Setswana-bejaarde persone in 'n residensiële-sorg-eenheid werksaam was, is aangebied. Daar is gepoog om deur middel van NGT-onderhoude faktore te identifiseer wat kan bydra tot die skep van 'n kultuurtoepaslike milieu vir Sesotho/Setswana-bejaarde persone in residensiële-sorg-eenhede in die Vrystaat en derhalwe sodoende betekenisvolle aktiwiteitsdeelname vir hierdie bejaarde persone moontlik sal maak. Die vyf belangrikste response van albei groepe is geprioritiseer. Die universele kwessie van erkenning van menswaardigheid is deur dié response beklemtoon, eerder as voorstelle vir kulturele aanpassings binne die residensiële-sorg-eenheid. Na aanleiding van terugvoer deur hierdie twee groepe het die navorsers se begrip van “aktiwiteit” en betekenisvolle aktiwiteitsdeelname verbreed, aangesien dit duidelik na vore gekom het dat menswaardigheid die basis vir betekenisvolle aktiwiteitsdeelname en lewensgehalte is.

**Trefwoorde:** arbeidsterapie; kultuurtoepaslike aktiwiteite; Sesotho/Setswana-bejaarde persone; menswaardigheid; lewensgehalte

**Abstract****Potential contributing factors in the creation of a therapeutic milieu for Sesotho/Setswana elderly persons in residential care facilities in the Free State**

Occupational therapy practice is based on the paradigm of an intrinsic connection between a human's fundamental need to participate in a wide range of occupations as both a means and an end in order to attain, restore or maintain health. Choices for occupational participation that give meaning and purpose are often culturally bound. For that reason the occupational therapy profession views the client-centred approach as a very important avenue to promote wellbeing and enhance the quality of life for each person as a unique individual. The client-centred approach entails participation and engagement in occupations that have particular significance for such an individual. As part of the occupational therapy process occupations are selected and presented in collaboration with the client. Occupational therapy practice is informed by, and to a certain extent informative to, its young foundational discipline, viz. occupational science. However, some essential concepts within occupational science are founded on Western philosophies and world views. Locally and internationally, literature regarding cultural aspects of activity participation lacks an in-depth understanding.

Occupational therapists serving the Free State community currently comprise mainly a white, female population who were usually also educated and trained in a hegemonic environment in terms of gender and race. This presents a great challenge with regard to insightful client-centred practice to the Sesotho/Setswana community. Within this Sesotho/Setswana community numerous elderly individuals are forced by modernisation and urbanisation to embrace the unconventional environment of a residential care unit as a homestead. The recognition of individual needs in terms of customs, values, convictions and beliefs is overshadowed by the fulfilment of seemingly other important needs, such as medical and physical care. Occupational therapy practice is also bound by the concept of occupational justice, which is an extension of social justice and human dignity. The restoration of social justice by means of client-centred intervention and fulfilling occupational engagement is therefore compromised by a lack of cultural awareness and by preconceived ideas.

The aim of this study, therefore, was the exploration of factors that could contribute to the creation of a more culturally acceptable residential care environment. A qualitative study design was applied during this study. Nominal Group Technique (NGT) interviews were conducted with two groups of professionals who had previously been involved, or who were currently involved, in Sesotho/Setswana elderly care. The aim of these NGT interviews was not to produce scientific or theoretical facts, but rather to provide a platform to participants to voice their opinions. The question posed to the groups was: "What can be done to create more appropriate experiences for the Sesotho/Setswana group of elderly individuals in an old-age home?" Since the participants were regarded as experts in the field of elderly care, their knowledge and experience produced a wealth of information concerning the promotion of meaningful activity participation for Sesotho/Setswana elderly persons in residential care units.

Of all the given responses, five were prioritised by each group as the most significant. Rather than suggestions for cultural adaptations in residential care units or suggestions for cultural activities, the central theme of the feedback was clear: *Acknowledging the human dignity of every elderly individual is non-negotiable*. Human dignity is, however, regarded as a universal need of every human being. The real issue that needed further investigation, then,

was rather on how human dignity could be acknowledged for elderly Sesotho/Setswana individuals confined to residential care units. One should remember the context for residential care facilities in South Africa, as these units are rarely fully subsidised by the government and experience numerous financial constraints.

Participants regarded compassionate staff members who have an understanding of the unique needs of every elderly individual as one of the first steps towards dignified living conditions. Staff development and education were described as key to the expansion of staff competence. Consultation on all levels of care was regarded as foundational to respect. Respect implies that the individual is involved in all decision-making processes. Through consultation and inclusion a residential care unit milieu could be created that would reflect the culture and heritage of every elderly Sesotho/Setswana individual – a milieu where the serving of food is not only regarded as the fulfilment of a basic need, but as an occupation that could contribute to maximising quality of life; a milieu that not only allows cultural expression for the Sesotho/Setswana individual, but is also safe and accessible; a milieu where mother-tongue communication would be a way to express emotions and allow occupational engagement. Respect could be shown when autonomy is granted for voicing needs freely and collaborating in decision-making. Respect implies unambiguous communication to reduce disorientation and ultimately allows for a democratic environment.

Along the journey of exploring the responses from the two NGT interviews the researchers' understanding of "activity" and meaningful activity participation expanded. Meaning to life can be instituted only when human dignity is acknowledged through the creation of a culturally appropriate milieu in the residential care unit. It was revealed that "culturally appropriate occupation" is of greater significance than simply providing elderly individuals with some culturally relevant activity to do. A culturally sensitive residential care unit should encompass the acknowledgment of human dignity by means of a client-centred approach. Human dignity, however, correlates directly with quality of life. A secondary data analysis regarding the infinite connection between human dignity and quality of life was done according to Kane and Kane's "Themes of quality of life" (Cutler en Kane 2004). This revealed that the interaction between the environment and the individual would most definitely contribute to the extent of quality living that could be obtained.

Even though we as white Afrikaans-speaking occupational therapists were ill-equipped to embark on this explorative journey, the qualitative research design enabled us to embrace a world outside the borders of our own frame of reference. The process enabled us to view quality of life afresh through the realisation of the intrinsic relationship between dignified living conditions, having choices for occupational engagement, and human dignity. This journey allowed us to fulfil our role as advocates for social justice through client-centred practice and related directly to the expansion of our cultural competence.

**Key words:** occupational therapy; culturally appropriate activities; Sesotho/Setswana elderly persons; human dignity; quality of life

## 1. Inleiding

Binne arbeidsterapie beskryf Townsend en Polatajko (2011:119) individue as aktiwiteitsverrigtingswesens. Dit impliseer dat betrokkenheid in betekenisvolle aktiwiteite 'n

integrale deel vorm van die unieke samestelling van persoonlike lewensgehalte. Die kombinasie van kulturele en individuele voorkeure beïnvloed dus die keuse van aktiwiteite waaraan 'n individu deelneem.

Die aanbod van en deelname aan toepaslike aktiwiteite is die sleutel tot menswaardigheid, en menswaardigheid vorm deel van sosiale geregtigheid. Die konsep van sosiale geregtigheid spreek sosiale uitsluiting aan deurdat die arbeidsterapeut die sosiale omgewing aanpas ten einde insluiting van die individu in die gemeenskap te fasiliteer (Galheigo 2005:96). Sosiale geregtigheid het 'n noue verbintenis met aktiwiteitsverrigtingsgeregtigheid ("occupational justice"), asook die reg op inklusiewe deelname aan alledaagse aktiwiteite vir alle persone, ongeag die ouderdom, vermoë, geslag, sosiale klas en ander verskille van die persoon (Nilsson en Townsend 2010:57). Dit behels dus die skepping van 'n milieu waar die individu vryheid tot menswaardige deelname aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite kan ervaar wat gesondheid en welstand meebring en bevorder.

Aktiwiteitsverrigtingsongeregtigheid ("occupational injustice") kom voor indien institusionele struikelblokke potensiele deelnamegeleenthede van 'n persoon ontnem (De Witt 2005:9). Dit impliseer dat indien 'n bejaarde persoon as inwoner van 'n residensiële-sorg-eenheid die geleentheid tot deelname aan aktiwiteite en ervarings van keuse en kulturele oortuigings ontnem word, sosiale ongeregtigheid plaasvind.

Aktiwiteitsverrigtingsgeregtigheid word in totaliteit deur die arbeidsterapeut ondersteun in instansies wat aan bejaarde persone dienste lewer. Die bejaarde inwoners van hierdie instansies is van 'n multikulturele oorsprong en sluit Sesotho/Setswana-bejaarde persone in. Statistiek Suid-Afrika dui aan dat daar 155 484 swart bejaarde persone in 2010 in die Vrystaat woonagtig was (Sigcau 2010). In die tradisioneel Westerse omgewing van 'n residensiële-sorg-eenheid kan die eens verwagte lewenstaak van 'n gerespekteerde Sesotho/Setswana-bejaarde met wysheid en kennis dikwels van die inwoner ontnem word en kan dit derhalwe moontlik identiteit en menswaardigheid inperk. Verder word seleksie en aanbieding van aktiwiteite hoofsaaklik deur die wetenskap van aktiwiteitsdeelname gerig, wat 'n Westerse grondslag het. 'n Kliënt-gesentreerde benadering impliseer egter deelname aan aktiwiteite wat die totale konteks van die bejaarde persoon in ag neem, insluitend die kulturele oortuigings van die individu. Aktiwiteite binne die gemeenskap of instansies vir bejaarde persone wat nie voorsiening vir hierdie persone se unieke kulturele behoeftes maak nie, veroorsaak marginalisering van hierdie bevolking (Nilsson en Townsend 2010:58).

In die Vrystaat word Sesotho/Setswana-bejaarde persone deur oorwegend wit vroulike arbeidsterapeute bedien. Beperkte navorsingsgefundeerde literatuur rondom die unieke behoeftes van die genoemde bevolking veroorsaak verder dat menswaardigheid nie deurentyd doeltreffend in die residensiële-sorg-eenheid aangespreek kan word nie. Dis hoofsaaklik weens gebrekkige kennis en insig aan die kant van die persone wat die dienste lewer, omdat hulle opleiding dikwels binne hegemoniese konteks geskied. Gevolglik het 'n groep van sewe finalejaar-arbeidsterapiestudente en hul studieleiers aan die Universiteit van die Vrystaat besluit om hierdie leemte binne arbeidsterapie te verklaar en doelgerig meer insig en oorweging aan kultuurverskille te gee.

Die aanvanklike fokus van hierdie studie was 'n ondersoek na kultuurtoepaslike aktiwiteite vir Sesotho/Setswana-bejaarde persone wat deur arbeidsterapeute in residensiële-sorg-eenhede aangebied kan word. Tydens die navorsingsreis is hierdie fokus egter herkonseptualiseer ten einde eerder die faktore te ondersoek wat kan bydra tot die daarstelling van 'n totale kultuurtoepaslike ervaring vir bejaarde Sesotho/Setswana inwoners. Carlsson (2009:8) bevestig dat die arbeidsterapeut 'n rol speel in die bemagtiging van individue tot betekenisvolle aktiwiteitsdeelname binne 'n toepaslike milieu. Derhalwe dra die milieu waarin aktiwiteite plaasvind, net soveel gewig as die deelname daaraan. Persoonlike of gemeenskaplike outonomie en 'n gevolglike identiteit in aktiwiteitsdeelname word deur vryheid in aktiwiteitskeuses binne die kulturele konteks ontwikkel (Carlsson 2009:8).

## **2. Literatuuroorsig**

### ***2.1 Arbeidsterapie in die wetenskap van betekenisvolle aktiwiteitsdeelname***

Arbeidsterapie word beskryf as die wetenskap waar aktiwiteitsdeelname die ervaring van plesier, herstel en produktiwiteit in die individu kan bewerkstellig en sodoende welstand bevorder (Pierce 2003). Aktiwiteitsdeelname omvat alle take wat uitgevoer word en is 'n integrale deel van wie 'n individu is. Dit dra by tot die ontginning van die volle potensiaal van die persoon (Whiteford en Wright-St Clair 2005:10). Volgens Pierce, 'n aktiwiteitsverrigtingswetenskaplike, vind aktiwiteitsdeelname binne bepaalde temporale, ruimtelike en sosiokulturele kontekstuele dimensies plaas. Alleenlik wanneer al hierdie dimensies van aktiwiteitsverrigting in ag geneem word en die aktiwiteite sin en betekenis vir die persoon inhou, word optimale lewensgehalte bevorder. Dit impliseer dat aktiwiteite binne die terapeutiese omgewing van arbeidsterapie die totale konteks en milieu van die individu in ag behoort te neem.

Aangesien die milieu waarin 'n persoon hom of haar bevind, die produk van 'n unieke samestelling van die kulturele, institusionele, fisiese en sosiale kontekste op 'n gegewe tyd is, bepaal en rig dit aktiwiteitsdeelname. Polatajko, Davies, Stewart e.a. (2007:26) verduidelik die onderskeid tussen deelname aan en betrokkenheid by aktiwiteite. Deelname aan 'n aktiwiteit ("occupational performance") word as die waarlike uitvoering van 'n aksie gedefinieer, terwyl betrokkenheid by 'n aktiwiteit, met ander woorde, aktiwiteitsverrigting ("occupational engagement"), na 'n verbintenis tot die aktiwiteit verwys. 'n Persoon kan by 'n aktiwiteit betrokke wees deur op 'n fisiese of psigiese vlak 'n verbintenis met daardie aktiwiteit te vorm. Deelname aan 'n aktiwiteit is dus nie 'n voorvereiste vir die vorming van 'n verbintenis met die aktiwiteit nie, maar eerder die skepping van 'n milieu waar die bejaarde persoon, ten spyte van byvoorbeeld erge fisiese inperkinge, die geleentheid gebied word om steeds by die aktiwiteit betrokke te wees.

### **2.2 Kultuur**

Kultuur word binne arbeidsterapie gesien as 'n sfeer in 'n individu se lewe wat aangeleer word en omvat geloof, waardes, norme, simbole, gedrag, persepsies en gewoontes van 'n groep individue. Kultuur word gedeel deur 'n groep mense en is dinamies en aanpasbaar en verander voortdurend (Barney en Duncombe 2002:201). Die kompleksiteit van hierdie aspekte noop arbeidsterapeute om erkenning aan afsonderlike komponente van kultuur te gee deur die verrekening daarvan tydens keuse van terapeutiese aktiwiteite. Die totale impak wat kultuur dus op 'n persoon se menswaardigheid het, is 'n kernoorweging vir etiese praktyk (Bonder 2009:498–9).


Betekenisvolle betrokkenheid by aktiwiteit binne die konteks van arbeidsterapie impliseer dat die arbeidsterapeut 'n persoon bemagtig om vaardighede te ontwikkel wat aktiwiteitsdeelname fasiliteer (Chacksfield 2006:144). Ekwivalente van die woord *aktiwiteitsdeelname*, wat vir arbeidsterapie soveel betekenis inhou, bestaan egter steeds nie in die tale van 'n aantal nie-Westerse kulture nie (Iwama 2006:22). Alhoewel die onderskeie kulture dus die konsep van aktiwiteitsdeelname toepas, bestaan daar geen universele term vir die begrip nie. Die konsep van kultuur word as sodanig as 'n komplekse konstruk beskou (Iwama 2005:242–53) wat kardinaal is tot die betrokkenheid in aktiwiteit, dus die unieke historiese en sosiale oorwegings soos deur die individu gesien. Derhalwe vorm erkenning van kultuur in die keuse en aanbieding van aktiwiteite deel van die kliëntgesentreerde benadering van arbeidsterapie.

Kultuur is dus 'n sfeer in die individu se lewe wat tot die menswees en menswaardigheid van die persoon bydra. Deelname aan kulturele aktiwiteite dra tot die ontwikkeling van sin en betekenis vir die persoon by. Christiansen en Townsend (soos na verwys in Zeldenryck en Yalmambirra 2006:44) verduidelik dat die wyse waarop aktiwiteitsdeelname deur 'n individu ervaar word en die kultuur van die individu interafhanklik is. Aangesien arbeidsterapie die belang van aktiwiteitsdeelname in 'n persoon se lewe erken, kan kultuur nie van menswaardige aktiwiteitsdeelname geskei word nie.

Uit die literatuur is dit duidelik dat die Sesotho-Setswana (Tswana, Suid-Sotho en Noord-Sotho van die Hoëveld) as een groep geklassifiseer word (Hammond-Tooke 1993; Lye en Murray 1980; Marais, Van Wijk, Mayet e.a.2010). Die Basotho Kulturele Nedersetting in Phuthaditjhaba stel die ontwikkeling van die Sesotho-kultuur van die 1600's tot die 1900's vir toeriste ten toon (Figuur 1). Aangesien Lesotho die hartland van die Basotho-kultuur is, woon die meeste van die persone van Sotho-Tswana-afkoms tans in die nabygeleë Vrystaat. Die rol van die bejaarde persoon binne die Sesotho-gemeenskap kom duidelik na vore in die take wat aan hierdie persone toegeken word. Tradisioneel-kultureel word die bejaarde persoon as die gesagsfiguur met wysheid en kennis in die gemeenskap beskou. Spesifieke take, soos die opvoeding van die kleinkinders, raadgewing aan jonger persone om besluite te neem en uitvoering van huishoudelike take soos voedselvoorbereiding, behoort aan bejaarde persone. Dit is dus onder andere die arbeidsterapeut se rol om te verseker dat die bejaarde persoon die geleentheid gegun word om aan bogenoemde aktiwiteitsreekse deel te neem wat met hul belangstellings en begeertes ooreenstem, ten einde 'n gevoel van *behorendheid* ("belonging") te ervaar (Wilcock 2007:18). Deelname aan kultuurtoepaslike aktiwiteite

waaraan die persoon waarde heg, is van belang in die skepping van hierdie behorendheidsgevoel.

Hieruit is dit duidelik dat die inagneming van kulturele praktyke 'n belangrike rol in kliëntgesentreerde intervensies speel ten einde die bejaarde persoon se lewensgehalte te optimaliseer.



**Figuur 1. Basotho Kulturele Nedersetting – Phuthaditjhaba Tydlynvoorstelling van die ontwikkeling van die Basotho-kultuur: 1600's tot 1900's**

Luidens 'n gesprek met Joe Serekoane (2011), 'n lektor verbonde aan die Departement van Antropologie aan die Universiteit van die Vrystaat, beweeg talle jong swart persone al hoe meer weg van die tradisionele denkwyses van hulle kultuur weens ekonomiese ontwikkeling en verstedeliking. 'n Toepaslike voorstelling van bogenoemde stelling is die Mmabana Kulturele Sentrum in Thaba N'chu, 'n verrykingsentrum waar persone in die gemeenskap deur die beoefening van kulturele aktiwiteite bemagtig en opgelei word. In 'n poging om inheemse kennis te laat voortleef, bied dié sentrum byvoorbeeld blootstelling aan dans, pottebakkerij en verf met tradisionele konsepte aan, maar moderne aspekte word ook grootliks geïnkorporeer. Tradisionele kultuurtoepaslike praktyke en gebruike vervaag egter, aangesien die fokus nou hoofsaaklik op die opleiding en bemagtiging van jonger Sesotho/Setswana-persone om ekonomiese redes binne die Westerse konteks is.

### ***2.3 Die bejaarde persoon in residensiële-sorg-eenhede***

Aftree-oorde en residensiële-sorg-eenhede word beskou as inrigtings wat die versorging en beveiliging van bejaarde persone verseker. Bejaardheid verwys na die laaste lewensfase voor die dood. Residensiële-sorg-eenhede dien as versorgingseenhede en beskermde gemeenskappe wat poog om die algehele welstand van die bejaarde persoon te bevorder. Ongelukkig fokus die meeste residensiële-sorg-eenhede meestal op die identifisering en behandeling van medies-verwante toestande (Thomas 1996). Derhalwe dra dit by tot moontlike marginalisering en stigmatisering van inwoners, wat as "pasiënte" beskou word, en inwoners word aan aktiwiteitsverrigtingsongeregtigheid blootgestel. Dit beteken in effek dat inwoners met geïnstusionaliseerde rolle belas word wat tot eensaamheid, hulpeloosheid en verveeldheid lei (Power 2010). Kliëntgesentreerde versorging impliseer dat daar eerder van die "pakhuis-tradisie" ("warehouse tradition") wegbeweeg word (Kitwood en Benson 2000:7) en elke inwoner se individuele behoeftes in ag geneem word. Die Bradford-demensiegroep (Brooker en Surr 2005:28) identifiseer die psigologiese behoeftes van die bejaarde persoon as die erkenning van identiteit, gerief, liefde, betrokkenheid, geborgenheid en aktiwiteitsdeelname. Menswaardigheid kan alleenlik erken en bevorder word indien hierdie psigologiese behoeftes van elke bejaarde persoon op 'n individuele vlak erken word, maar word dikwels oor die hoof gesien binne 'n biomediese model waar fisiese welstand die vernaamste norm is.

Alhoewel residensiële-sorg-eenhede moontlik nie die ideale milieu is om die laaste lewensfase te verwoyl nie, word talle bejaarde persone in die Vrystaat genoodsaak om in hierdie eenhede 'n tuiste te skep. Luidens die gesprek met Shirley du Plooy en Joe Serekoane (2010), bestaan daar wedersydse verwagtinge tussen die Sesotho/Setswana-bejaarde en sy/haar kinders wat aandui dat dit die kinders se verantwoordelikheid is om die ouers op hulle oudag te versorg. Die konsep van 'n tehuis vir bejaarde persone, of sentrum vir bejaarde persone, is 'n onbekende, meestal Westerse begrip. Alhoewel residensiële-sorg-eenhede dus nie noodwendig 'n toepaslike omgewing vir Sesotho/Setswana-bejaarde persone is om die laaste lewensfase te bestee nie, kom hulle volop in die Vrystaat voor en is vir talle Sesotho/Setswana-bejaarde persone die enigste heenkome.



Kane en Kane (in Cutler en Kane 2004:5) definieer lewensgehalte vir inwoners van residensiële-sorg-eenhede as die positiewe fisiese, kognitiewe, sielkundige en sosiale uitkoms van die interaksie tussen die bejaarde persoon en die omgewing waar hy/sy woon. Elf temas vir die bevordering van lewensgehalte is deur Kane (in Cutler en Kane 2004:5) geïdentifiseer. Hierdie temas sluit in fisiese gemak, funksionele bevoegdheid, privaatheid, outonomie, waardigheid, betekenisvolle aktiwiteit, genotbeleving, individualiteit, verhoudings, sekuriteit en orde (goeie bedoelings van personeel) en geestelike welstand. Die omgewing van residensiële-sorg-eenhede het die potensiaal om tot die skepping van 'n positiewe selfbeeld van die bejaarde persoon by te dra deur op die persoon se sterkpunte te bou en die eise wat die omgewing aan die bejaarde persoon stel, te minimaliseer.

Wilcock (2007:18) is van mening dat die gemeenskap binne die residensiële-sorg-eenhede meer vertrouwd met die konsep van “aktiewe veroudering” behoort te word. Aktiewe veroudering impliseer die skep van 'n meer akkommoderende omgewing vir die inwoners sodat daar aan aktiwiteite en ervarings wat lewensgehalte, gesondheid, geluk en algehele welstand bevorder, deelgeneem kan word. Aanpassings in die omgewing behoort dus gedoen te word met die oog op die skep van 'n milieu waarmee die bejaarde persoon in interaksie kan tree en aktiewe deelname met 'n verskeidenheid aktiwiteite bevorder kan word. 'n Besoek aan Avondvrede, 'n residensiële-sorg-eenheid in Vrede in die Vrystaat wat die Thabong-gang in die residensiële-sorg-eenheid vir Sesotho-inwoners ontwikkel het, beklemtoon die belang van 'n toepaslike omgewing vir 'n bejaarde persoon. Voorbeelde hiervan is kultuurtoepaslike versierings en behangsels, soos Sesotho-verfwerk, -ornamente, -musiekinstrumente, -vlegwerk en -wapens. Sesotho- en isiZulu- aanwysings op die mure en deure in die gang is aangebring om die inwoners deurentyd te oriënteer en onsekerheid te beperk. 'n Veilige buitenshuise area is beskikbaar waar die inwoners in die son kan sit en die buitelug kan geniet. Hoenders loop vrylik in hierdie area rond en bevorder sodoende herinneringsbelevensisse. Bogenoemde aanpassings lei dus tot die skep van 'n kultuurtoepaslike milieu waarin die betrokke bejaarde persoon tuis voel. Dit staan inwoners vry om te kies of hulle in hierdie gang of eerder in een van die meer tradisioneel-Westerse afdelings wil woon. Die rol van kultuur in die daarstelling van 'n meer ideale milieu as tuiste word dus erken en optimale lewensgehalte word deur die skep van 'n kultuurtoepaslike milieu bevorder.

### **3. Metodologie**

#### ***3.1 Doel van hierdie studie***

Die doel van hierdie studie was 'n ondersoek na moontlike bydraende faktore wat 'n kultuurtoepaslike milieu vir Sesotho/Setswana-bejaarde persone kan ontwikkel. 'n Beskrywende kwalitatiewe studie is gedoen. Die studie is epistemologies in die interpretatiewe raamwerk gegrond. Die doelwit van navorsing binne hierdie raamwerk is nie soseer die insameling van objektiewe waarhede nie, maar is eerder daarop gemik om die

navorsingsdeelnemers se stem hoorbaar te maak en vas te stel wat vir hierdie deelnemers die waarheid is, al is dit wetenskapsfilosofies nie moontlik om die absolute waarheid te ontbloot nie (Van Rensburg 2004:20).

Twee praktiese oorwegings het beide die keuse van die navorsingsontwerp en die seleksie van deelnemers gerugsteun. Eerstens het die navorsers erken dat hulle nie Sesotho/Setswana magtig is nie, wat 'n groot struikelblok in 'n studie van 'n kwalitatiewe aard is. Ernstige oorweging is gegee aan die feit dat onderhoude ook nie deur 'n opgeleide tolk in Sesotho/Setswana met bejaarde persone gevoer en vertaal kon word nie, weens gebrekkige befondsing. Die navorsers wou egter steeds op die gebied van bejaarde personeorg fokus en nie as gevolg van gebrekkige hulpbronne hierdie braak area aanhou ignoreer nie. Tweedens is die ontluikende aard van die kwalitatiewe navorsingsontwerp te alle tye gerespekteer. Kwalitatiewe navorsing kan deelnemers nie forseer om op die navorsers se agenda te fokus nie. Die waarde van die data lê juis daarin dat die navorsers eerder op die deelnemers se prioriteite fokus. Hierdie houding staan ook getrou aan die aard van die navorsingsvraag wat juis wou ontdek hoe die arbeidsterapeut nader aan die kulturele behoeftes van bejaarde persone kan kom.

### ***3.2 Keuse van die deelnemers***

Marginalisering en onderdrukking van bejaarde inwoners van diverse kulture is deur die navorsers erken as die gevolg van die tradisionele “pakhustradisie” in residensiële-sorg-eenhede. Derhalwe word bejaarde persone se eie voorkeure en behoeftes dikwels nie erken nie. In residensiële-sorg-eenhede bestaan daar dikwels ongebalanseerde magsverhoudings tussen die bejaarde persone en die versorgers, aangesien die meeste bejaarde inwoners in die gewoonte verval dat besluite namens hulle geneem word. Die aanvanklike aanname is gemaak dat response van die bejaarde inwoners die beeld van die instansie en kwaliteit van versorging sou verhef in 'n poging om ongewenste blootstelling te vermy. Response van bejaarde persone sou dus moontlik geloofwaardigheid of geldigheid van die studie benadeel het. Hierdie uitdagings (finansieel en met betrekking tot die moontlike betroubaarheid van data) het die besluit gerig om neutrale deelnemers, wat nie direk bevoordeel of benadeel sou word nie, vir data-insameling te nader. Die deelnemers aan die nominalegroepstegniek-onderhoude (NGT-onderhoude) is deur middel van doelgerigte keuse geïdentifiseer. Doelgerigte keuse impliseer dat studiedeelnemers deur die navorser(s) gekies word op grond van spesifieke eienskappe of belangstellings wat hulle in die gegewe studie toon (Strydom en Delpont 2009:328).

Die kriteria vir deelname aan die groepe het ingesluit dat die deelnemers persone is wat voorheen of tans by bejaarde personeorg op provinsiale vlak in die Vrystaat werksaam was, of is, en Afrikaans of Engels magtig is (sien bylaag A vir demografiese data). Derhalwe is persone wat op verskeie vlakke by die welstand van Sesotho/Setswana-bejaarde persone betrokke was, of steeds is, vir die NGT-onderhoude gekies. Deelnemers word as kenners op die gebied van Sesotho/Setswana-bejaarde personeorg beskou weens die ervaring wat hulle op hierdie gebied het. Deelnemers se rol met betrekking tot die welstand van bejaarde

persone het uitgesluit dat hulle direk op daaglikse basis by fisiese versorgingstake van bejaarde inwoners betrek word en het meestal verband gehou met bestuur binne residensiële sorg en/of die breër gemeenskap. Vier uit die groep van 15 deelnemers was voorheen betrokke by navorsing met bejaarde persone in die groter Bloemfontein-omgewing onder leiding van EPOG (Eenheid vir Professionele Opleiding en Dienslewering in die Gedragwetenskappe) by die Universiteit van die Vrystaat. Die res van die deelnemers is aan nieregerings- en regeringsorganisasies verbonde en is deur middel van hul verbintenisse met Age-in-Action en die Vrystaatse Tak van die Alzheimer Vereniging van Suid-Afrika betrek. Diversiteit ten opsigte van die organisasies wat die verskillende deelnemers van die groepe verteenwoordig het, het veral tot die triangulasie van data en dus die betroubaarheid binne hierdie spesifieke metodiek bygedra. Verder het die breë ervaring wat hierdie deelnemers het, tot die waarheidsgetrouheid<sup>2</sup> van die studie bygedra. Nadat goedkeuring van die Etiekkomitee van die Fakulteit van Gesondheidwetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat verkry is (Studie nr. 12/2011), is deelnemers genader om deel te neem en het hulle hulself skriftelik tot die navorsingsproses verbind.

Die groepsessies is deur 'n onafhanklike fasiliteerder en 'n kundige in NGT-onderhoude behartig. Geïdentifiseerde deelnemers is in twee groepe verdeel. Beskikbaarheid van tyd van die onderskeie deelnemers het verder op die indeling impak gehad en gevolglik het Groep I uit 6 deelnemers en Groep II uit 8 deelnemers bestaan.

### **3.3 Metode van data-insameling**

Die nominalegroeptegniek word deur Dobbie, Rhodes, Tysinger en Freeman (2004:402) as 'n kwalitatiewe metode van data-insameling met semikwantitatiewe eienskappe aangaande 'n gegewe vraag beskryf, aangesien response op dié vraag in prioriteitsvolgorde na aanleiding van stemming deur deelnemers gerangskik word. Deelnemers stem vir idees en idees word dan na aanleiding van stemming in orde van voorkeur geplaas. Persoonlike opinies word in ag geneem, prioriteite word bepaal en ooreenkomste en verskille word uitgewys, wat spesifieke vraagstukke en kwessies binne die studie na vore bring (Cohen, Manion en Morrison 2007:309). Die navorsers beskou dit dus as 'n demokratiese wyse van data-insameling wat verseker dat alle individuele response binne die groeerespons ingesluit word en tot die betroubaarheid<sup>3</sup> van die resultate bydra.

Daar is heelwat voordele wat met die nominalegroeptegniek geassosieer word. Dit sluit in:

- Idees word demokraties geprioritiseer.
- Deelnemers word aangemoedig en gefasiliteer om konstruktief aan probleemoplossing deel te neem.
- Konformasie en kompetisie in idees word nie aangemoedig nie.
- Laterale denke word wel aangemoedig, wat 'n breër verskeidenheid van generering van idees tot gevolg kan hê.
- Die mag van 'n opinie is nie by een persoon nie, maar word gelykmatig versprei.
- 'n Sin van afsluiting en integrasie word gefasiliteer, wat persoonlike en opvoedige waardes bevorder (Departement van Gesondheid en Menslike Dienste 2006).

Die volgende is 'n uiteensetting van die stappe wat gevolg word tydens die nominalegroepstegniek:

Ronde een:

1. Nadat die vraag skriftelik en mondeling aan die deelnemers oorgedra is, word deelnemers versoek om 'n paar minute te neem waartydens daar onafhanklik en in stilte oor die strukturering en formulering van 'n persoonlike siening oor die vraag nagedink word.
2. Een respons van elke deelnemer word dan bygedra en op 'n blaaibord aangestip.
3. Voorstelle en antwoorde word demokraties saam gegroepeer waar moontlik en idees kan vir meer duidelikheid bespreek word.
4. Die fasiliteerder versoek daarna die deelnemers om selfstandig en onafhanklik die verskillende voorstelle in volgorde van belang te rangskik van 1 tot 5, waar 5 die belangrikste stelling uitwys en 1 die onbelangrikste.

Ronde twee:

1. Elke deelnemer in die groep se rangskikking word in tabelvorm voorgelê.
2. 'n Bespreking van die resultate en elke idee word herevalueer in terme van die belangrikheid daarvan en daar kan byvoorbeeld 'n punt uit 5 vir elke idee toegeken word.

Ronde drie:

In die laaste ronde word al die rangskikkings in terme van gewig uitgewerk en die eindresultaat word aan die groep bekend gemaak. (Jones en Hunter 1995)

NGT-onderhoude is op twee aparte geleenthede met twee groepe persone wat voorheen of tans by Sesotho/Setswana-bejaarde personeorg betrokke was, of is, gedoen (sien bylaag A vir demografiese data).

NGT-onderhoude is deur 'n onafhanklike fasiliteerder in Engels gedoen. Aanbieding in Engels het verseker dat al die deelnemers die vraag verstaan het en inligting akkuraat weergegee kon word, wat tot die waarheidsgetrouheid van die studie bygedra het (Babbie en Mouton 2001:277–8). Die fasiliteerder van die groepe was 'n eksterne persoon wat nie direk aan die Departement van Arbeidsterapie verbonde is nie en dit versterk dus bevestigbaarheid<sup>4</sup> in die studie. Die fasiliteerder het ondervinding in sowel die gebruik van die nominalegroepstegniek as 'n deeglike agtergrond van Sesotho/Setswana-bejaarde personeorg weens betrokkenheid by verskeie projekte in die gemeenskap, wat verder tot die waarheidsgetrouheid van die studie bygedra het.

### ***3.4 Ontwikkeling van die navorsingsvraag***

Die volgende vraag is aanvanklik na aanleiding van die navorsingsvraag vir verkenningsonderhoude tydens die loodsstudie saamgestel: “Stel asseblief Sesotho/Setswana

kulturele praktyke voor om 'n meer akkommoderende omgewing in residensiële-sorg-eenhede te skep.”

Alhoewel die fokus van arbeidsterapie-intervensies die gebruik van aktiwiteitsverrigting is, is die woord aktiwiteit doelbewus nie in die vraag ingesluit nie. Na afloop van die agtergrondstudie het ons besef dat die skepping van 'n akkommoderende residensiële-sorg-eenheid-omgewing meer as die aanbieding van aktiwiteit is, maar eerder die skepping van 'n milieu waar vrye keuse ten opsigte van aktiwiteitsdeelname bestaan. Daar is reeds in die literatuuroorsig ook geargumenteer dat die konsep aktiwiteit vir die beroep arbeidsterapie ontstaan het uit Westerse kultuur, maar dikwels problematies is in ander nie-Westere kulture. Met die uitvoering van verkenningsonderhoude tydens die loodsstudie met twee werknemers van 'n multikulturele residensiële-sorg-eenheid in Bloemfontein, asook 'n ervare leier in bejaarde personeorgkringe, het dit duidelik geword dat die aanvanklike vraag te veel ruimte vir onsekerheid gelaat het. Die deelnemers aan die verkenningsonderhoude het aangedui dat kulturele praktyke 'n ingewikkelde konsep is en dat hulle nie seker is hoe om die vraag te beantwoord nie. Akkommoderende omgewing was ook nie duidelik vir die deelnemers nie. Residensiële-sorg-eenhede was onduidelik, aangesien hierdie deelnemers in die praktyk hoofsaaklik na “ouetehuse” verwys.

Die response van die deelnemers aan die verkenningsonderhoude het daarop gedui dat die menswaardige behandeling binne residensiële-sorg-eenhede die kern vir die skep van 'n kultuurtoepaslike milieu is. Die term kultuur is ook as uiters subjektief ervaar en het 'n verskeidenheid response ontlok. Na aanleiding van hierdie terugvoer tydens die loodsstudie is die volgende nominalegroepstegniekvraag (NGT-vraag) saamgestel: “Wat kan gedoen word om meer toepaslike ervarings vir die Sotho-groep (Suid-Sotho, Noord-Sotho en Setswana) bejaarde persone in ouetehuse aan te moedig?”

Die vraag is tydens die NGT-onderhoude in Afrikaans en Engels in geskrewe en mondelinge vorm aan die deelnemers verskaf, wat tot die waarheidsgetrouheid van die studie bygedra het

## **4. Bevindinge en bespreking**

### ***4.1 Kernbevindinge (Eerste vyf response van elke groep)***

Dit is insiggewend dat die vraag wat pertinent in die groep gevra is, nie direk deur die deelnemers beantwoord is nie. Response wat met aktiwiteitsdeelname en kulturele voorkeure verband gehou het, is nie as prioriteite gelys nie. Ten spyte van die aktiwiteitsfokus binne arbeidsterapiepraktyk is die prioriteite wat deur die navorsingsdeelnemers uitgewys is, beklemtoon. Die navorsers het die gegenereerde data geëien eerder as om sekondêre oorwegings wat wel met kultuurverwante aktiwiteite verband hou, uit te wys. Vir die doel van hierdie artikel is hierdie uiterlike faktore, byvoorbeeld 'n paar kultuurtoepaslike speletjies en 'n dis op die spyskaart, versaa. Die navorsers het tot die insig gekom dat aktiwiteitsverrigtingsgeregtigheid op lang termyn bewerkstellig kan word slegs indien die

huidige sosiale geregtighedskwessies as prioriteit beklemtoon word in die proses om 'n meer kultuurtoepaslike omgewing binne residensiële-sorg-eenhede te skep. Hierdie insig kan daadwerklike verandering aan die lewensgehalte van Sesotho/Setswana-inwoners van sodanige instellings meebring. Die onderliggende tema van die response van die deelnemers het derhalwe menswaardigheidskwessies uitgelig.

'n Verskeidenheid response is aangebied en word vir woord in Engels deur die fasiliteerder gelys, wat tot die waarheidsgetrouheid van die resultate bygedra het. Vertaling van die response van Engels na Afrikaans is deur die navorsers gedoen. Die juistheid van hierdie vertaling is deur een van die deelnemers van die NGT-onderhoude en 'n navorsers in bejaarde-aangeleenthede by EPOG bevestig, wat tot die waarheidsgetrouheid van die vertaling bydra. Deelnemers van Groep I het 25 response gegeneer, terwyl deelnemers van Groep II 30 response gegeneer het. Die stemming het die vyf hoofvoorkeure van elke groep aangedui, wat in Tabel 1 aangedui word.

<b>NGT-vraag</b>	<b><i>Wat kan gedoen word om meer toepaslike ervarings vir die Sotho-groep (Suid-Sotho, Noord-Sotho en Setswana) bejaarde persone in tehuise vir bejaarde persone aan te moedig?</i></b>	
<b>Prioriteitsvolgorde van response as antwoord op vraag</b>	<b>Groep I</b>	<b>Groep II</b>
<b>1</b>	Personeel behoort die behoeftes van die bejaarde persone te verstaan	Bied inligtingsessie met bejaarde persoon en familie aan ten einde konsultasie te bevorder
<b>2</b>	Konsultasie met bejaarde persone voor besluitneming	Aanpassings in die omgewing om kultuur en erfenis te reflekteer
<b>3</b>	Toeganklike geboue met veiligheidsaanpassings	Bedien van kultuurtoepaslike voedsel
<b>4</b>	Respek vir bejaarde persoon se kultuur  Personeelopleiding ten opsigte van versorging en kulturele aspekte	Dienslewering in taal van voorkeur  Indiensopleiding vir personeel ten einde belang van die roeping te besef
<b>5</b>	Stigting van 'n arbeidsterapiekomitee wat uit inwoners, personeel, familie, vrywilligers en belangstellendes uit die gemeenskap bestaan	Vrye keuse ten opsigte van kamerplasing  Kommunikasie met respek en waardigheid ten opsigte van verwagtinge

**Tabel 1. Prioriteitsvolgorde van Groep I en Groep II se response as antwoord op die NGT-vraag**

In die lig van 'n kliëntgesentreerde benadering binne die interpretatiewe raamwerk is daar besluit om die twee geïdentifiseerde response onder nommer 4 van Groep I en nommer 5 van Groep II so te laat, aangesien die groepe nie die belangrikste een van die twee response kon uitwys nie.

Die respons wat as die belangrikste deur die deelnemers in Groep I en as vierde prioriteit deur deelnemers in Groep II uitgewys is, is die ontwikkeling van 'n begrip vir die unieke behoeftes van die bejaarde persone in residensiële-sorg-eenhede deur middel van personeelopleiding. Personeelopleiding behoort op die inagneming van die behoeftes van die inwoners te fokus. Gemak en die roetine binne residensiële-sorg-eenhede behoort te alle tye sekondêr tot hierdie behoeftes te wees (Labuschagne 2005:563). Die ontwikkeling van begrip vir die unieke behoeftes van die bejaarde persoon kan bydra tot die skep van 'n meer toepaslike milieu wat vrye keuse tot aktiwiteitsreekse moontlik maak. Plesier, herstel en produktiwiteit in die alledaagse lewe word sodoende verseker en menswaardigheid bevorder.

Respek vir 'n bejaarde se rol as raadgewer is veral van belang in die Sesotho/Setswana-kultuur weens die beskouing dat ouderdom met wysheid en lewenservaring gepaard gaan. Raadpleging met bejaarde persone in residensiële-sorg-eenhede weerspieël respek teenoor die individu en bied aan die bejaarde persoon die geleentheid om verwagte lewensrolle uit te leef. Ondersoek van die unieke behoeftes van die bejaarde persoon deur raadpleging sluit by die kliëntgesentreerde benadering binne arbeidsterapie aan. Menswaardigheid kan erken en bevorder word alleenlik indien behoeftes van elke bejaarde persoon op 'n individuele vlak erken word. Daar behoort met die bejaarde persoon oor die rede vir, en verwagtinge en implikasies van opname in 'n residensiële-sorg-eenheid geraadpleeg te word. Insluiting en die betrek van die bejaarde persone by besluitneming en met die opstel van 'n sorgplan word as die belangrikste prioriteit deur deelnemers van Groep II aangedui. Betrekking van die Sesotho/Setswana-bejaarde erken die verwagte lewensrolle en -take van die individu. Hierdie erkenning dra tot die behoud van menswaardigheid by.

Die belang van aanpassings in die omgewing word deur deelnemers in beide groepe genoem en sluit by die skep van 'n meer toepaslike milieu aan. Deelnemers van Groep I fokus egter meer op die veiligheid van die omgewing. Residensiële-sorg-eenhede is eerder as versorgingseenhede beskryf en die fokus het hoofsaaklik op die beveiliging en fisiese versorging van die bejaarde persone geval. Volgens Nilsson en Townsend (2010:60) behoort die fokus van enige gesondheidsorg-instansie egter eerder op vryheid van keuse van aktiwiteite binne die omgewing te wees as slegs op die fisiese versorging van die bejaarde persoon. Deelnemers van Groep II fokus meer op die kulturele toepaslikheid van die omgewing binne die residensiële-sorg-eenheid. Kultuuruitdrukking skep 'n gevoel van behorendheid in 'n kamer waar die bejaarde persoon gemaklik voel.

Alhoewel kultuuruitdrukking belangrik geag word, het deelnemers van beide groepe van die kulturaspek van die vraag afgewyk en meer klem op algemene veiligheid en welstand binne die omgewing van residensiële-sorg-eenhede gelê. Bell (2007) stel voor dat vrees dikwels die resultaat van onderdrukking van die menswees van 'n persoon is. Miskenning van menswaardigheid van swart persone in die verlede kon dus moontlik 'n rol speel in die feit

dat gelyke behandeling en gesondheidsorg vir almal soveel aandag geniet het. Dit sluit dus by die menswaardigheidsaspek van die respons aan.

Bediening van voedsel in residensiële-sorg-eenhede behoort nie alleen as die bevrediging van 'n basiese behoefte gesien te word nie. Kultuurtoepaslike voedsel, asook die manier van voorbereiding daarvan, speel 'n rol in die optimalisering van lewensgehalte. Die Nasionale Norme en Standaarde Aangaande die Aanvaarbare Vlakke van Diens aan Ouer Persone en Diensleweringstandaarde vir Gemeenskapsgebaseerde Sorg en Ondersteuningsdienste in die Staatskoerant (Suid-Afrika 2010:31), dui aan dat voedsame kos aan bejaarde persone verskaf moet word en dat kulturele en godsdienstige behoeftes in ag geneem behoort te word. Aangesien deelname aan kulturele aktiwiteite tot die skepping van sin en betekenis van die individu bydra, het die bediening van en deelname aan voorbereiding van kultuurtoepaslike voedsel die potensiaal om die gevoel van menswaardigheid te bevorder.

Diensverskaffing en versorging van die bejaarde persone behoort in die taal van voorkeur te geskied. Moedertaalkommunikasie kan moontlik tot die minimalisering van verwardheid en ongemak van bejaarde persone met addisionele patologieë bydra (Labuschagne 2005:562), wat lewensgehalte optimaliseer. Die erkenning van die moedertaal van 'n individu word in die Suid-Afrikaanse konteks direk met die Grondwet en Handves vir Menseregte Artikel 30(1) (Suid-Afrika 1996) verbind. Moedertaalkommunikasie as 'n medium om behoeftes te verwoord kan dus tot die behoud van menswaardigheid bydra deur die erkenning van die individu se unieke agtergrond. Ondubbelsinnige kommunikasie wat respek weerspieël, skakel verwarring uit. Die bejaarde persoon se menswaardigheid word erken deur interaksie met 'n positiewe ingesteldheid te benader. Aanspreekvorme, wat die menswees van 'n individu direk aanspreek, behoort nooit minagend te wees nie. Die manier waarop 'n boodskap oorgedra word, dra net soveel gewig as die boodskap self.

Bevordering van betrokkenheid in kulturele aktiwiteite in residensiële-sorg-eenhede loop hand aan hand met respek en begrip vir die kultuur van 'n individu. Die fokus is dus nie slegs op die skep van 'n milieu waar kulturele aktiwiteite aangebied word nie, maar ook op die ontdekking van die dieper betekenis en waarde wat die bejaarde persoon aan hierdie aktiwiteite heg. Aktiwiteit wat met besluitnemingsprosesse gepaard gaan, vorm tradisioneel deel van die verwagte lewensrol van die Sesotho/Setswana-bejaarde. Die deelnemers het aangedui dat die saamstel van iets soos 'n arbeidsterapiekomitee die voorgaande doeltreffend sal kan aanspreek. Hierdie komitee behoort geraadpleeg te word rakende die opstelling van 'n sorgplan. Die komitee behoort ook verteenwoordigend te wees en alle professies en belanghebbendes by residensiële-sorg-eenhede te betrek. Die samestelling van hierdie komitee, waarop bejaarde persone tesame met personeel en vrywilligers vanuit die omliggende omgewing dien, weerspieël die behoefte van die bejaarde persone om nie van die gemeenskap geïsoleer te word nie en om die gevoel van behorendheid binne die groter samelewing te ervaar.

Deelnemers van Groep II dui die belang van vryheid van keuse tydens kamerplasing aan. Vryheid van assosiasie impliseer dat die outonomie van die bejaarde persoon erken word. Vrye keuse versterk 'n sin van kommunikasie en emosionele ondersteuning tussen mede-



inwoners (Christiansen en Townsend soos na verwys in Zeldenryk en Yalmambirra 2006:44), wat lewensgehalte kan bevorder. Vryheid van keuse erken die bejaarde persoon as 'n mens met unieke behoeftes. Dit betrek die individu by die besluitnemingsproses, wat die gebruik van die kliëntgesentreerde benadering versterk.

Alhoewel die response van die deelnemers aanvanklik nie die vraag direk beantwoord het nie, het die goue draad van menswaardigheid regdeur al die response gevleg. Menswaardigheid hou egter direk met die lewensgehalte van 'n individu verband. Nilsson en Townsend (2010:58) beklemtoon tereg dat betrokkenheid in betekenisvolle aktiwiteite die individu in staat stel om menswaardigheid te behou, wat optimale lewensgehalte bevorder. Hierdie tema is veral van belang gegewe die verlies van menswaardigheid wat dikwels met institusionalisering in residensiële-sorg-eenhede gepaard gaan.

#### **4.2 Temas van lewensgehalte tydens ontleding van oorblywende response**

Die hoofdoel van die studie was 'n ondersoek na daardie faktore wat sal bydra tot die skep van 'n kultuurtoepaslike milieu in residensiële-sorg-eenhede ten einde deelname aan aktiwiteite van keuse te fasiliteer. Die behoud van menswaardigheid deur die skepping van 'n toepaslike milieu kan tot die lewensgehalte van die individu bydra.

Al die response wat deur die twee groepe as voorstelle vir die bevordering van toepaslike ervarings vir Sesotho/Setswana-bejaarde persone gegeneer is, is in ag geneem in die triangulasie van die data. Aangesien die behoud van menswaardigheid direk tot die optimalisering van die lewensgehalte van 'n individu bydra, is al die response in Tabel 2 volgens Kane en Kane (soos na verwys in Cutler en Kane 2004:6) se elf temas van lewensgehalte gekategoriseer. Die response het gestrook met die temas wat Kane en Kane voorgestel het.

<b>Groep 1</b>	<b>Groep 2</b>	<b>Lewensgehalte-temas</b>
Toeganklike geboue met veiligheidsaanpassings	Die ouetehuis behoort ekstra klere vir bejaarde persone aan te skaf	Fisiese gemak
Stigting van 'n arbeidsterapiekomitee	Spesiale gesondheidsdienste behoort gelewer te word	
'n Gesondheidsfasiliteit by die Sorgeenheid vir professionele sorg		
	Onderrig moet voortgesit word	Funksionele bevoegdheid
Bied privaatheid	Privaatheid behoort gerespekteer te word	Privaatheid
	Manlike verpleeg- of sorgpersoneel behoort manlike inwoners te versorg	

<p>Groepplasing ten opsigte van kultuurverspreiding vir aanvaarding</p> <p>Lig in oor verwagtinge van sorgeneid</p> <p>Raadpleging met bejaarde persone voor besluitneming</p> <p>Groeppeer volgens era waarin geleef het</p>	<p>Bied inligtingsessie met bejaarde persoon en familie aan ten einde konsultasie te bevorder</p> <p>Vrye keuse ten opsigte van kamerplasing</p> <p>Meng verskillende jaargroepe tydens kamerplasing</p> <p>Inwoners behoort tydens besluitneming betrek te word</p> <p>Vrye uitoefening van keuses behoort toegelaat te word</p>	<p>Outonomie</p>
<p>Respek vir bejaarde persoon se kultuur</p> <p>Die versorgers moet toegewyd wees en respek toon</p>	<p>Die kultuur van die bejaarde persoon behoort gerespekteer te word</p> <p>Kommunikasie ten opsigte van verwagtinge</p> <p>Kommunikasie met respek in 'n vriendelike stemtoon</p>	<p>Waardigheid</p>
<p>Aktiwiteite vir bedlêende asook rolstoelgebonde persone</p> <p>Sluit kultuurtoepaslike musiek in tydens aktiwiteitsverrigting</p> <p>Let op die ontwikkeling van kultuur tydens die opstel van programme</p> <p>Onderneem uitstappies</p> <p>Neem belangstelling en geskiedenis in ag tydens die keuse en aanbieding van aktiwiteite</p> <p>Vrywilligers wat gereeld persone besoek en aktiwiteite aanbied</p>	<p>Betrokkenheid in aktiwiteite of take (werk) is van belang</p> <p>Musiek moet kultuurtoepaslik wees</p> <p>Speletjies, byvoorbeeld marabaraba en diketo, kan aangebied word</p> <p>Sport en oefeninge volgens vaardigheid en vermoë kan aangebied word</p> <p>Storievertelling ten einde kultuur na jonger generasie oor te dra</p> <p>Leesstof in verskillende tale</p> <p>Praatjies of toesprake volgens die inwoners se kultuur deur eksterne persone</p> <p>Bejaarde persone behoort op uitstappies geneem te word</p>	<p>Betekenisvolle aktiwiteit</p>

	<p>Historiese toere of uitstappies buite Bloemfontein</p> <p>Fisiese oefeninge behoort aangebied te word</p>	
Bedien van kultuurtoepaslike stapelvoedsel	Bedien van kultuurtoepaslike voedsel. Sesotho: marogo, suurpap, afval (malamogodu), gestoomde brood (matebekwane) en stampmielies. Setswana: ting en mageu (sagte pap)	Genotbeleving
<p>Foto's en kultuurtoepaslike ornamente in kamers</p> <p>Kamers moet 'n huislike atmosfeer skep</p>	<p>Dienslewering in taal van voorkeur</p> <p>Aanpassings in die omgewing om kultuur en erfenis te reflekteer</p>	Individualiteit
Arbeidsterapiestudente kan kinders tussen vier en 12 jaar by aktiwiteite met bejaarde persone betrek	<p>Skriftelike onderneming deur die familie om die bejaarde persoon te besoek</p> <p>Geleentheid om eie huis te besoek</p>	Verhoudings
<p>Personeel behoort die behoeftes van die bejaarde persone te verstaan</p> <p>Personeelopleiding ten opsigte van versorging en kulturele aspekte</p> <p>Geduldige en bereidwillige versorgers</p> <p>Versorgers moet nie lang ure werk nie</p> <p>Versorgers wat luister na bejaarde persoon</p>	<p>Indiensopleiding van personeel</p> <p>Personeelgetalle behoort bepaal te word volgens versorgingsbehoefte</p>	Sekuriteit en orde (goeie intensies van personeel)
	Vryheid ten opsigte van geloof- en kerkverband	Geestelike welstand

**Tabel 2. Lewensgehalte-temas**

Fisiese gemak word deur Kane en Kane (in Cutler en Kane 2004:6) met vryheid van pyn, ongemaklike simptome en ander fisiese ongemak in verband gebring. Volgens Maslow se hiërargie van behoeftes is die fisiologiese behoeftes van die persoon die basis vir deelname aan daaglikse aktiwiteite (Louw en Edwards 2008:449). Dit impliseer dat aanpassings in die omgewing (soos handrelings in die badkamer en glyvaste matjies op die vloer) tot die fisiese

gemak en dus aktiwiteitsdeelname of -betrokkenheid van die persoon sal bydra. Hierdie omgewingsaanpassings kan ook tot die funksionele bevoegdheid van die bejaarde persoon in die tehuis bydra, aangesien die inwoners sodoende bemagtig word om met hul oorblywende vermoëns optimaal te funksioneer.

Die respektering van privaatheid, die erkenning van outonomie en behoud van waardigheid van die bejaarde persoon sluit by die konsep van aktiwiteitsverrigtingsgeregtigheid aan. Aktiwiteitsverrigtingsgeregtigheid beteken dat die bejaarde persoon te alle tye outonomie het in die keuse van aktiwiteite waaraan deelgeneem word, ten einde menswaardigheid te behou. Outonomie impliseer dat die persoon die vryheid gegun word om besluite oor gesondheid en lewe te neem en dit uit te voer, asook die vryheid om in beheer van eie lewe te bly (Van der Reyden en Joubert 2005:115). Hulle beskryf dat alhoewel outonomie die verlangde uitkoms vir die bejaarde persoon in die residensiële-sorg-eenheid is, dit dikwels deur verskeie faktore, soos die impak van siektetoestande op die waardes en die lewenstyl van die persoon, depressie, angstigheid, skuldgevoelens en ontkenning, asook sosiale en kulturele beperkinge en beperkte kennis of inligting, negatief beïnvloed word. Outonomie behoort dus binne die konteks van die huidige gesondheidstoestand van die bejaarde persoon beskou te word. Privaatheid kan byvoorbeeld nie aan 'n bejaarde persoon verskaf word indien hulp met bad of was benodig word nie. Outonomie binne hierdie situasie kan egter wel verskaf word deur 'n keuse ten opsigte van sekere aspekte, nie net groot aangeleenthede soos met wie 'n kamer gedeel word nie, maar selfs ook in die keuse van watter seep gebruik word. Deelnemers in die tweede groep beklemtoon ook tereg dat dieselfde geslag versorger die bejaarde persoon behoort te was. Sodoende kan waardigheid behou word, wat lewensgehalte bevorder.

Betekenisvolle aktiwiteite binne die konteks van arbeidsterapie is die aksies waaraan 'n persoon deelneem en as sy/haar eie kan sien, weens die betekenis en waarde wat dit vir daardie persoon inhou (Perrin, May en Anderson 2008:30). Geleentheid tot deelname vir al die inwoners van die residensiële-sorg-eenheid in betekenisvolle aktiwiteite word beklemtoon. Aktiwiteite vir bedlêende inwoners, aanbieding van die aktiwiteite in die moedertaal en inagneming van die kulturele voorkeure en gebruike van die inwoners is aangedui. Die inagneming van die religieuse oortuigings van die individu, deur die vryheid tot deelname aan aktiwiteite wat tot die geestelike welstand van die bejaarde persoon bydra, kan lewensgehalte bevorder. Betekenisvolle aktiwiteite verskaf volgens Kane en Kane (in Cutler en Kane 2004:6) genot wat die verbale of nieverbale uitdrukking van plesier is en angs of verveeldheid voorkom. Deelname aan kulturele aktiwiteite wat vir die individu betekenis inhou, impliseer ook die behoud van tradisies en kultuur. Oordrag van kulturele gebruike en tradisies berus grootliks by die bejaarde persoon en bied aan hierdie persone dus die geleentheid om belangrike lewensrolle vir die voortbestaan van tradisies te vervul.

Die betrokkenheid in verhoudings met persone buite die residensiële-sorg-eenheid word deur deelnemers van beide groepe uitgewys. Indien die rol van Sesotho/Setswana-bejaarde persone binne die tradisionele familiestruktuur oorweeg word, is dit duidelik dat die marginalisering van hierdie persone uit die gemeenskap nie 'n optimale situasie is nie. Tradisionele familiestrukture sluit persone van alle ouderdomme in, en binne die residensiële-

sorg-eenheid-omgewing verval hierdie ouderdomsverspreiding en gepaardgaande hiërargiese orde, wat rolbevrediging moontlik kan inperk.

Die respektering van individualiteit binne die kulturele konteks van die inwoner as deel van die gemeenskap in die residensiële-sorg-eenheid kan die moontlike negatiewe effekte van institusionalisering teëwerk. Volgens Wilcock (2007:18) is die bemagtiging van die persoon om individuele plesier en uitdrukking te ervaar van belang om die spirituele behoeftes van die persoon aan te spreek. Dit impliseer dat die kern van menswees erken word en behou sodoende die menswaardigheid van die individu binne die massa van inwoners in die residensiële-sorg-eenheid. Die erkenning van individualiteit sluit ook by die kliëntgesentreerde benadering in arbeidsterapie aan, aangesien die unieke behoeftes van die individu in ag geneem word.

Die skep van 'n veilige residensiële-sorg-eenheid omgewing behels veel meer as fisiese sekuriteit soos 'n veiligheidshek. Kane en Kane (in Cutler en Kane:2004:6) beskryf 'n situasie van sekuriteit en orde as 'n omgewing waar die inwoner veilig en selfversekerd voel oor die sekuriteit van die self en besittings, vermoë om vrylik rond te beweeg, en die goeie en opregte bedoelings van die personeel. Personeelopleiding is dus in hierdie opsig van belang, waar die klem op respek en begrip vir die bejaarde persoon se wense en gevoelens geplaas word.

Menswaardigheid is die sleutel tot optimale lewensgehalte vir die individu. Betrokkenheid in aktiwiteite wat vir die Sesotho/Setswana-bejaarde sin en betekenis inhou, erken menswaardigheid en dra dus tot lewensgehalte in die residensiële-sorg-eenheid by. Die geïdentifiseerde lewensgehalte-temas hou egter nou verband met die skep van 'n toepaslike milieu. Lewensgehalte kan dus geoptimaliseer word deur aktiwiteitsverrigtingsgeregtigheid te laat geskied in die daarstelling van 'n milieu waar die inwoner vry voel om aan aktiwiteite van eie keuse deel te neem.

## **5. Samevatting en aanbevelings**

### ***5.1 Getrouheid aan die ontluikende aard van kwalitatiewe navorsing***

Dit is duidelik dat die milieu waarin die individu hom/haar bevind, nie van die aktiwiteit waarin die individu betrokke is, geskei kan word nie. Sin en betekenis word eerder ontgin uit die erkenning van menswaardigheid deur die totale ervaring van 'n toepaslike milieu. Die erkenning van menswaardigheid deur die milieu dien as 'n basis vir die bevordering van lewensgehalte van die individu. Die betekenis van “kultuurtoepaslike aktiwiteite” en ander moontlike faktore in die skep van 'n toepaslike kulturele ervaring in residensiële-sorg-eenhede het 'n breër betekenis gekry, aangesien die fokus eerder op die menswaardigheid en die optimalisering van lewensgehalte van die inwoners geval het as bloot net op die aanbieding van kultuurtoepaslike aktiwiteite. Hierdie veelseggendheid van bevinding kan spesifiek in verband gebring word met die residuele effek van historiese onderdrukking.

### **5.2 Beperkinge van die studie**

Kultuur is 'n dinamiese entiteit wat met verloop van tyd moderniseer en van tradisionele gewoontes, ervarings en lewenswyses wegbeweeg. Talle jong swart persone beweeg al hoe meer weg van die tradisionele denkwyses van die Sesotho/Setswana-kultuur weens ekonomiese ontwikkeling en verstedeliking. Hierdie modernisasie veroorsaak dat die studie slegs van toepassing op huidige generasie bejaarde persone is en beperk dus die oordraagbaarheid<sup>5</sup> van hierdie bevindinge.

### **5.3 Aanbevelings vir toekomstige navorsing**

Hierdie bevindinge kan gebruik word as 'n basis vir toekomstige studies waar die Sesotho/Setswana-inwoners van residensiële-sorg-eenhede ook 'n bydrae tot die insameling van inligting rakende die skep van 'n kultuurtoepaslike milieu kan lewer. Betrokkenheid van die bejaarde persone as medenavorsers by data-insameling kan 'n ander dimensie aan die studie gee en hierdie persone ook bemagtig deur die erkenning van die rol as adviseur in die gemeenskap.

Toekomstige navorsing kan op die implementering van voorstelle vir kultuurtoepaslike ervarings in residensiële-sorg-eenhede fokus. Die impak van modernisasie op die begrip en ervaring van 'n milieu as "kultuurtoepaslik" in die 21ste eeu behoort egter oorweeg te word. Miskien maak dit selfs 'n appèl op die arbeidsterapie-professie om die polariteite van universaliteit en individualiteit van die konsep van menswaardigheid binne die Suid-Afrikaanse konteks empiries te verken.

### **5.4 Aanbevelings vir die arbeidsterapeut**

Betrokkenheid by aktiwiteite wat 'n unieke betekenis vir die individu inhou, dra tot gesonde lewensvloei by. Arbeidsterapeute is bemagtigers van lewensvloei deurdat hulle vir individue die geleentheid skep om vrylik aan aktiwiteite van eie keuse deel te neem. Keuse tot deelname aan aktiwiteite versterk die lewenstroom indien dit vanuit 'n kliëntgesentreerde benadering aan persone gebied word.

Binne residensiële-sorg-eenhede kan sosiale ongeregtigheid aangespreek word deur die aanpassing van die sosiale omgewing. Bejaarde persone as inwoners moet deelneem aan enige besluite wat hulle lewensgehalte direk aanspreek, hetsy dit die keuse van 'n kamermaat en kamerplasing, of die werwing van vrywilligers vir die aanbod van ontspanningsaktiwiteite is, ten einde insluiting van die individu in die gemeenskap te fasiliteer. Sosiale geregtigheid het 'n noue verband met aktiwiteitsverrigtingsgeregtigheid, wat onder andere handel oor die toegang tot 'n verskeidenheid betekenisvolle aktiwiteite en deelname saam met persone of in situasies van voorkeur. Alhoewel die Sesotho/Setswana-bejaarde dus genoodsaak word om in die tradisioneel Westerse milieu van residensiële-sorg-eenhede 'n tuiste te skep, behoort menswaardigheid steeds erken te word deur die inagneming van die unieke behoeftes van die individu binne 'n kultuurtoepaslike milieu. In ag genome die vloeibaarheid van kultuur kan

die toepaslikheid van so 'n milieu beide die verlede en die hede verteenwoordig, byvoorbeeld deur die gebruik van 'n rekenaar tydens herinneringsbelewenis (reminissensie).

Die arbeidsterapeut as kampvegter vir sosiale geregtigheid behoort die totale kulturele konteks van die bejaarde persoon in ag te neem ten einde te verseker dat aktiwiteitsverrigtingsgeregtigheid geskied. Alle dimensies (temporaal, ruimtelik en sosiokultureel) binne die bejaarde persoon se lewe moet in aktiwiteitsverrigting in ag geneem word om lewensgehalte te optimaliseer. Die arbeidsterapeut behoort te verseker dat die Sesotho/Setswana-bejaarde die geleentheid gegun word om aan aktiwiteitsreekse wat met belangstellings en begeertes ooreenstem, deel te neem ten einde 'n gevoel van behorendheid in die laaste lewensfase te ervaar. Deelname aan kultuurtoepaslike aktiwiteite waaraan die persoon waarde heg binne 'n toepaslike milieu, is van belang in die skepping van hierdie behorendheidsgevoel.

Gedurende die ondersoek na die leefwêreld van die Sesotho/Setswana-bejaarde het die navorsers die geleentheid gehad om aspekte van die menswees van 'n kultuur buite onself te internaliseer. Alhoewel ons aanvanklik nie toegerus was om hierdie reis te onderneem nie, het die navorsingsproses ons in staat gestel om ons eie verwysingsraamwerk te verbreed. Die proses het ons as arbeidsterapeute bemagtig om die kliëntgesentreerde benadering tydens praktykvoering deur 'n nuwe lens te beskou en sodoende 'n geleentheid aan te gryp om die menswaardigheid van die individu te erken.<sup>6</sup>

## Bibliografie

- Adams, M., L.A. Bell en P. Griffin (reds.). 2007. *Theoretical foundations and principles of practice*. 2de uitgawe. New York: Routledge.
- Ary, D., L.C. Jacobs, A. Razavieh en C. Sorensen. 2010. *Introduction to research in education*. 8ste uitgawe. Belmont: Wadsworth Publishing Company.
- Babbie, E. en J. Mouton. 2001. *The practice of social research*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Barney, K.F. en L. Duncombe. 2002. Occupational therapy and people with intellectual disability from culturally diverse backgrounds. *Australian Occupational Therapy Journal*, 49(4):200–11.
- Bell, L.A. 2007. Teaching for diversity and social justice. In Adams, Bell en Griffin (reds.) 2007.
- Bonder, B.R. 2009. Perceived levels of cultural competence among occupational therapists. *The American Journal of Occupational Therapy*, 63(4):498–504.

- Brooker, D. en C. Surr. 2005. *Dementia care mapping: Principles and practice*. Bradford: Bradford Dementia Group.
- Burger, W.J. 2010. E-pos aan W. Böning, 8 November.
- Carlsson, C.S. 2009. The 2008 Frances Rutherford Lecture. Taking a stand for inclusion: Seeing beyond impairment. *New Zealand Journal of Occupational Therapy*, 56(1):4–11.
- Chacksfield, J. 2006. Activities therapy: A recaptulation of ontogenesis. In Duncan (red.) 2006.
- Cohen, L., L. Manion en K. Morrison (reds.). 2007. *Research methods in education*. 6de uitgawe. New York: Routledge.
- Christiansen, C. en E. Townsend (reds.). 2004. *Introduction to occupation: The art and science of living*. 1ste uitgawe. New Jersey: Prentice Hall.
- Crouch, R. en V. Alers (reds.). 2005. *Occupational therapy in psychiatry and mental health*. 4de uitgawe. Londen: Whurr Publishers.
- Cutler, L.J. en R.A. Kane. 2004. *Practical strategies to transform nursing home environments: Towards better quality of life*. Verenigde State van Amerika: Selfgepubliseerde handleiding.
- Departement van Gesondheid en Menslike Dienste. 2006. *Evaluation Briefs*. <http://www.cdc.gov/HealthYouth/evaluation/pdf/brief7.pdf> (5 Februarie 2010 geraadpleeg).
- De Vos, A.S., H. Strydom, C.B. Fouche en C.S.L. Delport (reds.). 2009. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- De Witt, P. 2005. Creative ability: A model for psychosocial occupational therapy. In Crouch en Alers (reds.) 2005.
- Dobbie, A., M. Rhodes, W. Tysinger en J. Freeman. 2004. Using a modified nominal group technique as a curriculum evaluation tool. [www.stfm.org](http://www.stfm.org). (14 Januarie 2011 geraadpleeg).
- Duncan, E.A.S. (red.) 2006. *Foundations for practice in occupational therapy*. 4de uitgawe. Edinburgh: Elsevier.
- Du Plooy, S. en M.J. Serekoane. 2010. Gesprek met die artikelskrywers. Bloemfontein: Departement Antropologie, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat.
- Galheigo, S. 2005. Occupational therapy and the social field. In Kronenberg, Algado en Pollard (reds.) 2005.
- Hammond-Tooke, D. 1993. *The roots of black South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball.



- Henning, E. (red.). 2004. Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Iwama, M.K. 2005. Occupation as a cross-cultural construct. In Whiteford en Wright St-Clair (reds.) 2005.
- . 2006. The Kawa model: Culturally relevant occupational therapy. Edinburgh: Elsevier.
- Jones, J. en D. Hunter. 1995. Education and Debate BMJ.  
<http://www.bmj.com/cgi/content/extract/311/7001/376> (5 Februarie 2010 geraadpleeg).
- Kitwood, T. en S. Benson (reds.). 2000. The new culture in dementia care. Londen: Walker Publishers.
- Kronenberg, F., S.S. Algado en N. Pollard (reds.). 2005. Occupational therapy without borders. Edinburgh: Churchill Livingstone / Elsevier.
- Labuschagne, R. 2005. Gerontology, Psychiatry and Occupational Therapy. In Crouch en Alers (reds.) 2005.
- Louw, D.A. en D.J.A. Edwards. 2008. Psychology: An introduction for students in Southern Africa. 2de uitgawe. Pretoria: Heinemann.
- Lye, W.F. en C. Murray. 1980. Transformations on the Highveld: The Tswana and Southern Sotho. Kaapstad: David Phillip.
- Marais, C., D. van Wijk, N. Mayet, N. Marais, L. Duncan, D. Morkel, P. Marais, T. Glass en B. Mfingwana. 2010. Rainbow nation navigation – A practical guide to South African cultures. Kaapstad: Logogog Publikasies.
- Nilsson, I. en E. Townsend. 2010. Occupational justice – Bridging theory and practice. *Scandinavian Journal of Occupational Therapy*, 17(1):57–63.
- Perrin, T., H. May en E. Anderson. 2008. Wellbeing in dementia: An occupational approach for therapists and carers. 2de uitgawe. Londen: Churchill Livingstone / Elsevier.
- Pierce, D.E. 2003. Occupation by design: Building therapeutic power. Philadelphia: F.A. Davis Company.
- Polatajko, H.J., J. Davis, D. Stewart, N. Cantin, B. Amoroso, L. Purdie en D. Zimmerman. 2007. Specifying the domain of concern: Occupation as core. In Townsend en Polatajko (reds.) 2007.
- Power, G.A. 2010. Dementia beyond drugs: Changing the culture of care. Baltimore, Maryland: Health Professions Press.

- Serekoane, M.J. 2011. Gesprek met die artikelskrywers. Bloemfontein: Departement Antropologie, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat.
- Sigcau, A. 2010. E-pos aan W. Böning, 18 Oktober.
- Strydom, H. en C.S.L. Delport. 2009. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos e.a. (reds.) 2009.
- Suid-Afrika. 1996. Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika soos aangeneem deur die Grondwetlike Vergadering op 8 Mei 1996. Hoofstuk 2: Handves van Menseregte, Artikel 30 (1). <http://www.polity.org.za/polity/govdocs/bills/sacon96.html#CHAP2> (25 Julie 2011 geraadpleeg).
- . 2010. Die Nasionale norme en standaarde aangaande die aanvaarbare vlakke van diens aan ouer persone en diensleweringstandaarde vir gemeenskapsgebaseerde sorg en ondersteuningsdienste (Proklamasie Nr. R9255, 2010). *Staatskoerant*, 538:31,38, 1 April (33075).
- SAKO (Suid Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid). 2001. Kriteria en riglyne vir die assessering van NKR geregisteerde standaarde en kwalifikasies. Pretoria: SAKO.
- Thomas, W.H. 1996. *Life worth living: How someone you love can still enjoy life in a nursing home*. Massachusetts: VanderWyk & Burnham.
- Townsend, E.A. en H.J. Polatajko (reds.). 2007. *Enabling occupation II: Advancing an occupational therapy vision for health, well-being, and justice through occupation*. Ottawa: CAOT Publications ACE.
- Townsend, E.A. en H.J. Polatajko. 2011. Canadian model of occupational performance and engagement. In Turpin en Iwama (reds.) 2011.
- Turpin, M. en M.K. Iwama. 2011. *Using occupational therapy models in practice. A field guide*. Edinburgh: Churchill Livingstone / Elsevier.
- Van der Reyden, D. en R. Joubert. 2005. HIV/AIDS in Psychiatry: The moral and ethical dilemmas and issues facing occupational therapists treating patients with HIV/AIDS. In Crouch en Alers (reds.) 2005.
- Van Rensburg, W. 2004. Theoretical frameworks, conceptual frameworks and literature reviews. In Henning (red.) 2004.
- Wêreldgesondheidsorganisasie. 2011. Programmes and projects. Health statistics and health information systems. <http://www.who.int/healthinfo/survey/ageingdefnolder/en/index.html>. (12 Januarie 2011 geraadpleeg).
- Whiteford, G. en V. Wright St-Clair (reds.). 2005. *Occupation and practice in context*. Edinburgh: Churchill Livingstone / Elsevier.

Whiteford, G. en V. Wright St-Clair. 2006. Being prepared for diversity in practice: Occupational Therapy students' perceptions of valuable intercultural learning experiences. *British Journal of Occupational Therapy*, 65(3):129–35.

Wilcock, A.A. 2007. Active aging: Dream or reality? *New Zealand Journal of Occupational Therapy*, 54(1):15–20.

Zeldenryk, L. en L. Yalmambirra. 2006. Occupational deprivation: A consequence of Australia's policy of assimilation. *Australian Occupational Therapy Journal*, 53(1):43–6.

## Bylae A

### Demografiese data

Groep I wat aan die nominalegroepstegniekonderhoude (NGT-onderhoude) deelgeneem het, het uit ses deelnemers bestaan (Tabel 2), en die onderhoude het ongeveer een en 'n half uur geduur. Al die deelnemers was vroulik en tussen die ouderdomme van 53 en 74 jaar. Die meeste van die deelnemers se huistaal is Sesotho en die taal wat in die werksomgewing gebruik word, is Engels. Al die deelnemers se vlak van opleiding is graad 12 of hoër. Die tydperk van betrokkenheid by bejaarde Sesotho/Setswana-persone wissel tussen ses maande en 17 jaar.

Groep II wat aan die NGT-onderhoude deelgeneem het, het uit nege deelnemers bestaan (Tabel 2), en die onderhoude het ongeveer twee uur geduur. Daar was een manlike deelnemer en die deelnemers was tussen 41 en 75 jaar oud. Vier se huistaal is Sesotho, twee Setswana, twee Afrikaans en een Xhosa, en die taal wat grootliks in die werksomgewing gebruik word, is Sesotho. Slegs een van die deelnemers het nie opleiding tot graad 12 of hoër nie. Die tydperk van betrokkenheid by bejaarde Sesotho/Setswana-persone wissel tussen drie en 40 jaar. Die mediaan vir die ouderdomsvoorkoms van die deelnemers is 65 jaar en die gemiddeld 60 jaar. Nege van die deelnemers is dus self bejaarde persone. Elf van die persone wat aan die NGT-onderhoude deelgeneem het, se huistaal is Sesotho of Setswana, twee deelnemers s'n is Afrikaans, en nog twee s'n Xhosa. Engels en Sesotho/Setswana word deur die meeste deelnemers in die werksomgewing gebruik.

**Tabel 3. Demografiese inligting van die deelnemers aan NGT-onderhoude**



	Ouderdom	Huistaal	Taal by werk	Aantal jare betrokke by bejaarde personeorg	Aantal jare betrokke by Sesotho/Setswana-bejaarde personeorg	Hoogste vlak van opleiding	Instansies tans of voorheen werksaam
<b>Groep I</b>							

1	66	Sesotho	Engels	1.5	1.5	Tersiêre kwalifikasie	EPOG
2	53.5	Sesotho	Engels Sesotho Setswana	17	17	Diploma	EPOG
3	47	Sesotho	Afrikaans Sesotho Xhosa	22	6	Graad 12	Ons Tuiste
4	66	Setswana	Engels	0.5	0.5	Graad 12	EPOG
5	63	Sesotho	Engels	2	2	Sertifikaat	Navorsing 10/66
6	74	Xhosa	Engels Sesotho Setswana Xhosa	10	10	Diploma	EPOG

## Groep II

	<b>41</b>	Sesotho	Engels Sesotho Setswana	3	3	Sertifikaat	Alzheimer SA
7	65	Setswana	Setswana	40	40	Graad 12	Fichardtpark Aftreeoord
8	<b>75</b>	Xhosa	Engels	40	40	Graad 12	Boikhuc o Aftreeoord
9	68	Setswana	Afrikaans Engels Sesotho Setswana	10	10	Diploma	Alzheimer SA
10	55	Afrikaans	Afrikaans	10	10	Tersiêre kwalifikasie	Serenitas Aftreeoord

1	53	Sesotho	Sesotho	7	7	Laerskool	Sejake
1	47	Sesotho	Sesotho	6	6	Graad 12	Age in Action
1	67	Sesotho Tswana Xhosa	Afrikaans Engels Sesotho Setswana	20	20	Tersiêre kwalifikasie	Rockland clinic Luncheon Club
1	65	Afrikaans	Afrikaans Engels	15	15	Tersiêre kwalifikasie	Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie

**Sleutel:**  Vroulike deelnemers  
 Manlike deelnemers

Drie van die lede in Groep II het 'n graad<sup>7</sup>, terwyl een van die lede in Groep I 'n tertiêre kwalifikasie het. Twee van die deelnemers in Groep II is wit Afrikaanssprekende vrouens, terwyl al die ander deelnemers swart persone is. In beide groepe het die meeste van die groeplede mekaar voor die tyd geken en gemaklik in mekaar se geselskap voorgekom. Die atmosfeer wat tydens die NGT-onderhoude geheers het, was dus ontspanne en die groeplede kon vrymoedigheid neem om response te genereer wat tot die geloofwaardigheid van die studie bydra (Babbie en Mouton 2001:277–8). Met die aanvanklike aanhoor van die NGT-vraag skyn al die lede onseker oor die vraag te voel. Sommige groeplede verwoord ook dat hulle nie die antwoord ken of seker is dat hulle opinie waardevol is nie. Die groeplede het die NGT-vraag herhaal alvorens die antwoorde geprioritiseer is om te verseker dat die deelnemers die vraag verstaan en dienoreenkomstig prioritiseer.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Die oorspronklike term vir die wetenskap van aktiwiteitsdeelname is *occupational science* en word as *aktiwiteitsreeksgedragwetenskap* vertaal. Ten einde die konsep duideliker na vore te bring, verwys ons deurgaans na die wetenskap van aktiwiteitsdeelname.

<sup>2</sup> *Waarheidsgetrouheid* is die vertaling van *credibility*. In kwalitatiewe navorsing sluit waarheidsgetrouheid die juistheid van die navorsers se bevindinge in. Dit sluit ook in hoe goed die navorsers se bevindinge bevestig word, gebaseer op die navorsingsontwerp,

deelnemers asook die konteks waarbinne die navorsing uitgevoer word (Ary, Jacobs en Sorensen 2010:498).

<sup>3</sup>*Vertroubaarheid* is die vertaling van *dependability*. Vertroubaarheid is gemoeid met die konstante gedrag of die mate waarin die bevindinge ooreenstem indien die studie herhaal sou word (Ary e.a. 2010:502).

<sup>4</sup>*Bevestigbaarheid* is die vertaling van *confirmability*. Dit is gemoeid met objektiwiteit asook neutraliteit. Neutraliteit verwys na die regverdigheid van die navorsing met betrekking tot die prosedures en interpretasie van die resultate (Ary e.a. 2010:504).

<sup>5</sup> *Oordraagbaarheid* is die vertaling van *transferability*. Dit is die mate waarin die bevindinge van 'n kwalitatiewe studie veralgemeen of toegepas kan word met ander kontekste of groepe (Ary e.a. 2010:501).

<sup>6</sup> *Gesonde lewensvloei* gebruik 'n rivier as metafoor om aan te dui dat 'n lewensverloop wat met welstand en lewenskwaliteit verband hou, 'n sterk en diep vloei het (soos verduidelik in die KAWA-model).

<sup>7</sup> Ons is dankbaar vir die finansiële ondersteuning van Rayne Stroebel van Geratec, waarsonder hierdie navorsing nie moontlik sou wees nie. Ons is ook dankbaar teenoor Deirdre van Jaarsveldt, verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat, wat as fasiliteerder vir die NGT-onderhoude opgetree het en ons ook uit vrye wil met tyd en raad bygestaan het. Rikus van der Poel het bygedra tot die keuse en kontak van studiedeelnemers, waarsonder hierdie studie nie moontlik sou wees nie. Ons is ook dankbaar teenoor Sr. Brits en Ons Tuiste – Sentrum vir Bejaardes vir die finansiële ondersteuning tydens die toer waartydens agtergrondinligting vir hierdie studie versamel is. Ons waardeer ook die tyd en kennis wat Joe Serekoane met geduld aan ons verleen het.